

## Aanbiddingsvers:

**God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.**  
(Johannes 4:24 AFR1953)

## Sing vooraf: Psalm 1:1 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,  
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;  
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 146:1, 4 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 4 Dis die Heer wat aarde en hemel, / die getuies van sy mag,  
met die see en wat daar wemel, / voortgebring het deur sy krag;  
wat, onwrikbaar in sy trou, / altyd sy beloftes hou.

## Geloofsbelydenis: Nicea

*Na die wet bid ons om vergewing van ons sondes en versoening voor God met Skrifberyming 20-1:5 (49:5).*

## Wet

## Skrifberyming 20-1:5 (49:5)

- 5 Verlig ons hart wat duister is; / laat ons, na u getuienis,  
die duiwel en sy werk weerstaan / en yw'rig in u weë gaan.

## Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

## Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

## Doop: Margaretha Zanin (née: De Haan) se baba

## Skrifberyming 8-1:1, 2 (

- 1 "Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein".  
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.  
"Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;  
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 "k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou  
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.

En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry  
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My."

Na die doop: Psalm 20:2 (p. 91)

2 Mag Hy sy heil en bystand stuur / uit hoë heiligdom,  
en u uit Sion ondersteun, / van waar u hulp sal kom.

Skriflesing: Nehemia 6

Teks: Nehemia 6:11

**Maar ek het gesê: Sal 'n man soos ek vlug? En hoe durf een soos ek die tempel ingaan en in die lewe bly? Ek sal nie ingaan nie.**  
(Nehemia 6:11 AFR1953)

Vrees is een van die satan se magtigste wapens waarmee hy die koninkryk van God probeer verwoes.

- Vrees vir die dood ken ons almal.
- Vrees vir oorlog.
- Vrees vir pyn.

Maar al bedreig hierdie dinge ons ook, moet ons onself altyd voor die Here sien staan.

- Ons elkeen ontvang van Hom 'n lewensroeping, en Hy beskerm ons sodat ons hierdie roeping kan uitvoer.
- Ons hoef nie elke keer terug te deins vir dreigemente van mense nie.
- Solank as wat ons ons kan verantwoord teenoor die Here, solank moet ons aangaan, ongeag wat die mense van ons dink of sê.

Nehemia was in hierdie moeilike posisie. Hy was 'n hoofskinker by die koning in die land waar hulle in ballingskap is.

- Hier kry hy die boodskap dat die Jode wat saam met Esra teruggekeer het na Jerusalem toe, nog niks gedoen het om die mure van Jerusalem te herbou nie.
- Nehemia was so ontsteld hieroor dat die koning gedink het dat hy siek is, en hy vra Nehemia wat aangaan.

Nehemia het die koning vertel wat pla.

- Hy kry toe by die koning briewe wat hom magtig om sy werk te gaan doen.
- Hy kry selfs perderuiters en 'n brief aan die koninklike houtverskaffer in Juda om al die hout wat nodig is vir die herstel te gee.

Hierdie taak van Nehemia was 'n heilige taak.

- Hy herstel nie die mure van Jerusalem om sy eie gedagtes te bevredig nie.
- Hy doen dit omdat Jerusalem die stad van sy God is, en omdat hierdie stad tot eer van die Here in stand gehou moet word.

Die satan was nog altyd dieselfde, daarom is hy bitterlik ontevrede met hierdie toestand.

- Hierdie volk en hulle stad is in die Ou Testament die simbool van God se kerk.
- Die herstel van die stadsmure van Jerusalem beteken vir die satan dus dat die kerk herstel word!
- En as die kerk herstel word, beteken dit geloofsherstel onder die volk.

- Daar is nie nog iets wat vir die satan so 'n bedreiging onder die mense is as wanneer hulle geloof verbeter en hulle diens aan God verbeter nie.

Die satan beskou geloofsgroei as 'n bedreiging vir sy verwoestingswerk.

- Daarom val hy die gelowiges aan, en probeer hy hulle geloof aftakel.
- Onder hierdie mense wat glo, soek die satan weer veral die uit wat die leiding neem in die geloofsake.

Die beste voorbeeld is natuurlik die versoeking van die satan op die Here Jesus Christus. Die Here Jesus was die belangrikste van alle mense, en daarom was die aanvegting teen Hom ook die kwaaieste van alle tye.

Nehemia is hier in 'n soortgelyke posisie as wat die Here Jesus Christus was.

- Hy is ook in hierdie optrede van hom 'n tipe van die Here Jesus Christus.
- Daarom wil die satan hom elimineer – hy moet uit die pad uit kom.

Nou beskryf die Bybel die satan se werksmetode juis vir ons sodat ons dit kan ken waar ons dit raakloop.

- Hy bewerk spanning en vrees om jou geloof af te takel.
- Hy doen dit deur spanning in menseverhoudinge te bewerkstellig.
- Hy kry ook by die Here toestemming om ander sake te verongeluk soos byvoorbeeld ons geldsake en ons gesondheid.
- Maar sy sterk punt is om deur middel van menseverhoudinge en die dinge wat daaruit voortvloei te werk.

Daarom het Nehemia dadelik vyande.

- Die vyande is nie geringe mense nie.
- Hulle is mederegeerders wat deur die Persiese regering as goewerneurs aangestel is.
- Hulle is dus baie gevaarlike mense as hulle gaan stories aandra by die koning.
- Dit is presies wat hier aan die gebeur is.

Die duivel is baie onrustig omdat Nehemia terug is in Jerusalem.

- Hy het dit reggekry dat die vyandige gesindhede van die mense rondom Jerusalem gemaak het dat Esra niks gedoen gekry het nie.
- Nou voorsien die Here 'n ander een om met die werk voort te gaan.
- Iemand met 'n groter verstand en organisasievermoë as Esra.

Daar bly vir die duivel net een uitweg oor – hy moet Nehemia uit die weg ruim. Hy moet hom 'onskadelik' maak. In die oë van die satan rig hy skade aan; nie in die oë van die Here nie.

Sanballat en Gesem stuur toe vir Nehemia 'n boodskap:

- Kom af na die laagte van Ono toe sodat ons kan gesels.
- Hulle wil samesprekings hou.
- Dit klink asof dit politiek is in ons tyd, want die benadering is presies dieselfde.

Maar nou is dit ook so dat daar tye en geleenthede in 'n mens se lewe kom dat jy nie samesprekings hou nie.

- Daardie tye is wanneer jy voor die almagtige God van hemel en aarde staan met 'n baie uitdruklike opdrag.
- Jy kan nie dan met samesprekings gaan toegee voor mense nie, want ek en jy kan God se eise nie verander nie.
- So sien Nehemia ook die saak – hy staan voor God.
- Hy is sy verantwoordelikheid aan die Here verskuldig – hy het vir Sanballat en Gesem niks te sê nie.

Wat laat blyk dat hierdie twee vyande glad nie van plan was om te gesels nie, is die feit dat die Bybel leer dat hulle Nehemia wou kwaad aandoen.

- Op pad na die plek van samesprekings wou hulle 'n ongelukkige laat plaasvind waarin Nehemia dan doodgemaak sou word.
- Niemand sou hulle verdink nie, want hulle was dan so vriendelik dat hulle sou samesprekings hou!

Nehemia kan deur hulle kwaad sien, want sy prioriteite is reg.

- Baie beleefd stel hy sy saak: Hy kan nie kom nie, want sy werk is op hierdie stadium die belangrikste.
- Die werk in Jerusalem vereis sy teenwoordigheid.

Kom ons stel dit maklik verstaanbaar. *Hy laat weet aan hulle dat hy nie kan kom nie, want op hierdie stadium wil die Here hom in Jerusalem hê, en hy luister liever vir God, want dis vir hom belangrik.*

Die satan het egter baie deursettingsvermoë.

- Hy laat weet vier keer dat Nehemia moet kom.
- In hierdie geneul van hom maak hy asof hy bekommerd is oor Nehemia se goeie naam.
  - Wat sal die koning van Persië sê as hy moet hoor dat die mense sê jy is besig om teen hom in opstand te kom?
  - Die waarheid is dat Sanballat self met hierdie storie begin het. Dis nie ander mense wat so gesê het nie (2:19).

**Maar toe Sanballat, die Horoniet, en Tobía, die Ammonitiese kneg, en Gesem, die Arabier, dit hoor, het hulle ons bespot en ons verag en gesê: Wat is dit vir 'n ding wat julle doen? Wil julle teen die koning rebelleer? (Nehemia 2:19 AFR1953)**

Dan is daar nog die medewerkers van die satan binne die kerk ook.

- Die valse profete kom na Nehemia toe.
- Hier waar hy dit seker die minste verwag.

Die aanval kom ook aanloklik.

- Semaja vertel vir Nehemia hoe onmisbaar hy op hierdie stadium is, want sonder hom kan die muurbouery nie aangaan nie.
- Nehemia moet egter in gedagte hou dat daar in die nag sluipmoordenaars kan kom wat hom om die lewe kan bring.
- Semaja stel voor dat hulle twee in die nag in die tempel gaan wegkruip.

*Moet iemand wat in die openbaar gestuur is deur die Here nou in die geheim gaan wegkruip? Hoe werk dit? Sal 'n man soos ek vlug? En hoe durf een soos ek by die tempel ingaan en bly lewe?*

Daarmee bely Nehemia dat daar sekere grense in die lewe is wat 'n mens net nie oorskry nie.

- Hy behoort net so min in die tempel as in die laagte van Ono.
- Hy sien toe dadelik dat as hy saamgaan in die tempel, daar 'n klag teen hom gelê gaan word dat hy oortree het in die tempel.
- Daar was net een straf – die doodstraf; daar was geen ander uitweg nie!

So werk die satan.

- As hy jou eers bang het, dan wil hy hê dat jy dinge moet doen waarmee jy sondeskuld op jou laai.
- Hy laat jou van jouself 'n oortreder maak as jy nie oppas nie!

Iemand soos ek moet die muur bou. Iemand soos ek moet openlik werk en getuig. *Iemand soos ek* bedoel hier *almal van ons!*

- Ons moet nie in die kerk wegkruip as God van ons verwag om op te tree nie.
- Ons mag ook nie swyg oor ons geloof wanneer die Here wil hê dat ons moet praat nie.

Die Here roep ons juis tot sterk optrede.

- 'n Mens gee ook nooit aan verkeerde dinge toe, of bespreek dit om 'n ooreenkoms iewers tussen reg en verkeerd te bereik nie.
- Voor God stel jy net sý saak voorop.

Die voorbeeld hiervan is die Here Jesus Christus. Hy kompromiteer nooit die sonde met geregtigheid nie. Dis dan ook juis waarom Hy vermoor word.

- Hy staan so sterk vir die saak van God dat die mense Hom haat.
- Ook nie almal nie, net dié wat die waarheid nie baie liefhet nie.
- Vir sy regverdigheid kruisig hulle Hom sodat Hy sterf.

Maar daar het baie meer gebeur as wat ons met die oë gesien het.

- Hy het ook altyd geweier om aan die satan toe te gee, want die satan wou Hom altyd iets laat oorkom het sodat Hy nie die verlossingswerk volbring waarvoor God Hom gestuur het nie.
- Daarom bied die satan vir die Here Jesus Christus die koningskap oor die hele wêreld aan, as Jesus hom sou aanbid.
- Die duiwel wil dat Jesus van die tempel se dak afspring.

Maar die Here Jesus wyk nooit.

- Die arm mense het Hy lief.
- Hy probeer om sondiges te help wat beter wil doen.
- Maar met die sonde self het Jesus Hom nooit versoen nie.

Iemand soos Hy het nie in die tempel gaan wegkruip vir sluipmoordenaars nie.

- Iemand soos Hy sterf liever vir die waarheid.
- Hy sterf ook sodat mense soos ons kan doen wat God van ons vra – want Hy versterk ons met die krag en die teenwoordigheid van God die Heilige Gees!

Geliefdes, laat ons dan ons geloof uitleef, en vasstaan vir die waarheid soos mense wat nie wegkruip vir die satan en sy aanvallers nie. Laat ons lewe soos mense wat nooit wyk voor die verkeerde nie – soos mense wat die kwaad oorwin.

**Amen.**

Slotgebed

Here, leer ons om altyd op U en u Gees te vertrou. Leer ons om altyd te luister na u stem. Leer ons om te onderskei waar dit op aankom. Gee aan ons vrymoedigheid om altyd u eer te verdedig, en as U dit vra, selfs in lewensgevaar ons roeping teenoor U uit te voer.

**Amen.**

Slotpsalm 33:3 (p. 158)

3 Hy min die reg in alle dinge, / want enkel waar en reg is Hy;  
tot by die aard' se verste kringe / sien ons sy goedheid uitgesprei.  
In sy alvermoë / het Hy hemelboë / deur sy woord gestig;  
deur sy Gees 'n ganse / leërskaar van glanse / skitt'rend aan laat lig

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 13 Desember 2009